GEREFORMEERDE SKOOL
DIRK POSTMA

Wees sterk en vol moed

GEREFORMEERDE SKOOL DIRK POSTMA

# MATRIEKVERSLAG 2023

## Die klas van 2023: met hart, verstand en dienende hande vorentoe.

Vir die afgelope 22 jaar beleef Gereformeerde Hoërskool Dirk Postma die Here se besondere seën op die werk wat by die skool gedoen word. Ons is baie dankbaar vir hierdie herhalende 100% slaagsyfer. Hierdie akademiese uitnemendheid word bewerkstellig deur opvoedkundige uitnemendheid wat belangrike boustene reeds van graad 1 af lê. Gelowige onderwysers wat die grondslag lê, ouers wat erns maak met die opvoeding en 'n skoolbestuur wat toesien dat uitnemende onderwys kan plaasvind, het daartoe bygedra dat hulle uiteindelik na 12 jaar 'n besonderse matrieksertifikaat kon verwerf.



## Hoe lyk die 2023-Dirk Postmagroep se akademiese uitslae?

- 'n 100% slaagsyfer (een van 3 skole in die distrik);
- uit die 29 kandidate word 56 onderskeidings behaal;
- 89% B-graadtoelating; en
- deur die Departement van Onderwys aangewys as beste onafhanklike skool in die distrik.

**Voorts behaal GSDP die volgende SOS-toekennings (Skole Ondersteuningsentrum) vir:**

- onderskeidings in Lewenswetenskappe en Afrikaans Huistaal;
- 'n toekenning vir 'n uitsonderlik presterende skool in die kategorie kleiner Afrikaanse skole waar ons tweede onder die top 20 val;
- een van die top 10-Afrikaanse skole met die hoogste persentasie Wiskunde-kandidate; asook
- onder die top 20 kleiner Afrikaanse skole met die meeste onderskeidings.

## Die klas van 2023 vaar ook goed op ander gebiede




Natuurlik is dit mooi en goed om erkenning te ontvang vir harde werk wat gelewer is. Dit bemoedig en motiveer die hele skoolgemeenskap en herinner ons om dit wat ons ontvang het mooi te bewaar en te koester. Tog is dit goed om te onthou dat die akademiese grondslag en vorming van hierdie kinders slegs een aspek van ons taak is. Hier word gewerk aan hul harte en hande, aspekte wat nie op 'n matrieksertifikaat verskyn nie. Kennis van die Woord en hoe om dit in die alledaagse lewe te kan toepas, integriteit, karakter en vaardighede om jou naaste te dien en die skepping te bewerk en te bewaar. Hier word die gawes wat ontvang is raakgesien en ontwikkel en ontplooi. Tot die volle potensiaal wat die Here gee. 'n Grondslag vir die lewe.




Kinders slyp en vorm mekaar ook as funksies beplan, kampe bygewoon, sporte en kultuur beoefen en lekker saamgesing word. Hul leer van uithouvermoë op die atletiekbaan en kan 'n skoolfunksie met die nodige eerbied en erns vanuit die Skrif open. Jong leiers word geidentifiseer en toegerus om ook ná skool die vermoë te kan hê om met waardigheid leiding te kan neem. Onderwysers rus kinders toe om te kan uitreik na hul naaste in nood, om elke jaar se groentjies met warm harte te ontvang en moedig kinders aan om met oorgawe 'n skoollied te kan sing wat getuig van vrug wat gedra word.




Welgevallige vrugte in die oë van die Here. Vrug waarmee ons Hom en ons naaste dien, waarmee die skepping ontgin en bewaar word en waarmee voluit geleef word. Waarmee ons Hom in ons plaaslike gemeente dien. Akademie is 'n deel van hierdie vrug en ons is dankbaar dat dit mooi vertoon. In die oë van die wêreld is die akademiese vrug dalk die belangrikste, maar in die oë van die Here is die hartsvrug wat oorgaan in dade die belangrikste. 1 Sam 16:7b "Want nie wat die mens sien, sien God nie; want die mens sien aan wat voor oë is, maar die HERE sien die hart aan."




Matrieks van 2023, nogmaals geluk met jul mooi prestasie! Mag hierdie akademiese vrugte wat julle gelewer het vir julle die deur oopsluit om julself verder vir jul roeping te kan bekwaam sodat jul Hom daarmee kan dien. Hierdie diens staan egter nie los van die hartsvrug wat jul uit Gereformeerde Skool Dirk Postma saamneem nie. Hartsvrug wat nie op 'n sertifikaat aangeteken staan nie, maar op die tafel van jul harte geskryf is.